higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Tweede vraestel)

(9090165)

9 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

270Q2J2109

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Tweede vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer as die vereiste hoeveelheid vrae beantwoord, sal slegs die vereiste hoeveelheid nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Definieer die volgende terme

1.1.1 Voyeurisme (skopofilie)

1.1.2 Sado-masochisme

1.1.3 Soöfilie

1.1.4 Erektiele disfunksie (impotensie)

1.1.5 Fenielketonurie

1.1.6 Mikrosefalie

1.1.7 Hidrosefalie

1.1.8 Psigosomatiese siekte

1.1.9 Fobie

1.1.10 Ganser-sindroom

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Slaapwandelary staan ook bekend as neurastenie.

1.2.2 Homoseksualiteit is seksuele aantrekking tot ander mense van jou geslag.

1.2.3 Pedofilie word gekenmerk deur ’n abnormale opbouing van serebrospinale vloeistof in die brein.

1.2.4 Fetisjisme is ’n soort geheue-gebrek.

1.2.5 Nekrofilie is seksuele aantrekking tot ’n lyk.

1.2.6 Aragnofobie is ’n vrees vir hoogtes.

1.2.7 Kloustrofobie is ’n vrees vir toe of benoude ruimtes.

1.2.8 Dagga is ’n opiaat.

1.2.9 Kokaïen is ’n verslawende stimulant.

Kopiereg voorbehou

1.2.10 Amfetamiene is kalmeermiddels.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Lys SEWE items van persoonlike inligting wat op 'n mediese kaart of in elke pasiënt se lêer opgeteken moet word. (7)

2.2 Wat moet daagliks gedoen word om 'n spreekkamer vir pasiënte voor te berei? (8 × 1) (8)

2.3 Verduidelik die verband tussen slimfoongebruik en verhoogde angstigheid by jongmense van vandag. (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Lys SEWE liggaamlike simptome wat deur sielkundige angs veroorsaak kan word. (7)

3.2 Watter eienskappe of kenmerke sal jy na verwagting vind by iemand wat jy vermoed 'n psigopaat is? (8 × 1) (8)

3.3 Beveel maniere aan om angstigheid in die daaglikse lewe te hanteer. (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE eienskappe wat 'n mediese kantoorbestuurder moet hê om pasiënte te hanteer. (7)

4.2 Identifiseer tekens wat aantoon dat iemand moontlik aan hipochondrie (siekte-angsversteuring) ly. (8 × 1) (8)

4.3 Hoekom word mense alkoholiste? (5 × 1) (5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1	Lys SEWE simptome van opiaatonttrekking.		(7)
5.2	Verduidelik wat 'n mediese kantoorbestuurder moet doen om te verseker dat 'n praktyk altyd die nodige mediese voorraad beskikbaar het.	(8 × 1)	(8)
5.3	Verduidelik die verband tussen *emosies* en *obesiteit*.	(5 × 1)	(5)
			[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou